

GEÏNTEGREERDE ONKRUIDBESTUUR

Waarom is Bayer ernstig oor GOB?

Om 'n groeiende bevolking (verwag om meer as 9 miljard te wees teen 2050) te voed is reeds 'n uitdaging wat nog moeiliker gemaak word deur die toename van onkruidoder-weerstandige onkruide, met hul negatiewe impak op landbouproduktiwiteit. Huidiglik vernietig onkruide jaarliks genoeg voedsel om 1 miljard mense te voed. Met die toenemende voorkoms van weerstandige onkruide, kan dié verliese selfs hoër wees in die toekoms.

Boere benodig 'n "gereedskapskissie" met 'n groot verskeidenheid produkte en praktyke om weerstandigheid mee af te weer. Dit is moeilik om hierdie doel te bereik, want wanneer 'n spesifieke onkruidbeheerpraktyk blyk goed te werk en ekonomies aanvaarbaar is, is dit maklik om daarmee aan te hou, ten spyte daarvan dat die praktyk die seleksiedruk beduidend kan laat toeneem, wat dan tot weerstand lei.

Deur gebruik te maak van geïntegreerde onkruidbestuursmaatreëls, kan die drastiese nagevolge van weerstandigheid teen onkruidbeheer verlaag word. Dit vereis natuurlik dat die probleem geïdentifiseer en aangespreek word deur 'n toegewyde program toe te pas.



WELKE

Bayer se Geïntegreerde Onkruidbestuursprogram is 'n volhoubare benadering tot onkruidbeheer

Wat is GOB?

Geïntegreerde onkruidbestuur (GOB) is 'n fundamentele program in die produksiestelsels van boere, wat die volhoubare beheer en bestuur van onkruid bewerkstellig deur gebruik te maak van metodes wat ontwerp is om mekaar te komplimenteer. Dit behels die toepassing van 'n reeks gediversifiseerde beheertegnieke, wat fisiese, chemiese en biologiese metodes saamspan in 'n geïntegreerde wyse, sonder om oormatig staat te maak op 'n spesifieke metode. 'n GOB-plan moet vir ten minste een volle wisselboustelsel beplan word. As gevolg van die toename in weerstand tydens die laaste dekade, is GOB toenemend in gebruik geneem as 'n metode waarmee onkruiddoder-weerstandige onkruid bestuur kan word. Die doel van GOB is om onkruiddruk te verlaag en op 'n lae vlak te hou. Die idee is om die onkruid te "ontwrig" en sodoende hulle meer vatbaar te maak vir onkruidodders om hul werk te doen – en sodoende die gewas se opbrengspotensiaal te beskerm!

DIÉ DOELWITTE VAN 'N GOB-PLAN KAN AS VOLG GESTEL WORD:

1. Onderdruk onkruidkompetisie wat opbrengs kan verminder.
2. Verminder onkruidsaadproduksie om die opbou van onkruidsaad in die saadbank te beperk.
3. Put onkruidsaadreserves in die grond uit om ontkieming te beperk in daaropvolgende jare.
4. Voorkom of verminder die verspreiding van onkruid na nuwe areas.


Hoe om GOB te implementeer?

- // Ken jou onkruid.
- // Diversifiseer in terme van metode van werking (onkruidodders).
- // Diversifiseer in terme van wisselbougewasse.
- // Optimaliseer plantdigtheid om met onkruid te kompeteer.
- // Elimineer die saadbank, deur bv.
 - Weiding
 - Meganies
 - Beheer voor saai
- // Gee aandig aan jou spuittoerusting:
 - Kalibrasie
 - Keuse van die korrekte spuitstuk



Bayer (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1968/011192/07
Wrenchweg 27, Isando, 1601
Posbus 143, Isando, 1600,
Tel: +27 11 921 5002

www.cropscience.bayer.co.za
www.bayer.co.za



Dit is 'n gebalanseerde kombinasie van drie komponente om boere se produktiwiteit te verbeter:

1. Uitstekende **Geïntegreerde Onkruidbeheer Oplossings**
2. Implementeer **Beste Onkruidbestuurspraktyke**
3. Gebaseer op die nuutste **Wetenskaplike Insigte** en ondersteun deur waardevolle **Vennootskappe**

Op hierdie wyse dra Bayer by tot 'n meer volhoubare toekoms van landbou.



Die Suid-Afrikaanse inisiatief om beste praktyke in weerstandsbestuur te bevorder.

BESTE Onkruidbestuurspraktyke:

Toegewy tot die toekoms

Ons globale inisiatief is genaamd "verskeidenheid is die toekoms". Verskeidenheid is die sleutel tot sukses in vele aspekte van gewasbeskerming, insluitend verskeidenheid van onkruidodders, gewasse en in aanvullende metodes wat die lewensiklus van onkruid ontwrig. Op hierdie wyse dra Bayer by tot volhoubare landbou.